

Hoofstuk van die dag: Galasiërs 5

> *Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder ’n slawejuk laat indwing nie. (Gal 5:1)*

Die begrip “om vry te wees” (vers 1), het hier ’n baie

definitiewe betekenis. Destyds het jy twee soorte mense gekry: die vryes, en die slawe. Die vryes het talle regte gehad; die slawe geen. ’n Slaaf was nie sy eie baas nie. Hy moes net bevele gehoorsaam, hoe onbillik of onregverdig dit ook al was. Nou sê Paulus: in die godsdienstige lewe kry jy ook die vryes en die slawe. Die Galasiërs, sê hy in 4:8, was ook slawe voordat hulle tot geloof gekom het, maar toe het die Here Jesus hulle vry gemaak, vry van die houvas van die sonde en die greep van die Bose oor hulle lewens. Nou is hulle nie meer slawe nie, maar kinders van God (4:7).
Die tragedie waaroor hierdie hele brief eintlik gaan, is dat die Galasiërs hierdie nuutgevonde vryheid verruil het vir ’n wettiese godsdiens. Daarmee het hulle eintlik hulle verlossing verbeur (vers 4). Hulle was soos slawe wat vrygekoop is, maar weier om afskeid van die boeie te neem.
Gooi af die boeie! Jy is vry om vir God te leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026